22 Maart 1 Korintiërs 11:23-29, (Teks: 11:23)

Uitsteekdatums

Datums het 'n groot betekenis vir die aardse lewe. Sommige dae steek in die stroom van die tyd net eenvoudig hoër uit as die ander dae.

Ook Paulus maak in 1 Kor. 11:23 melding van 'n besondere datum in die lewe van ons Heiland. Hierdie datum steek soos 'n swart rots uit in die tydstroom van Jesus se aardse omwandeling. Dit is die nag waarin Jesus verraai is.

Tog het Hy steeds aan sy mense gedink, ook in daardie bittere nag. Hy het vir ons die heilige Nagmaal as troos en versterking juis op daardie datum ingestel. Ons verlossing uit die mag van sonde, dood en duiwel kon nie plaasvind sonder dat Hy die smaad eers moes ly om deur een wat baie na aan Hom gestaan het, verraai te word nie. Ook dit het die Here in sy groot liefde vir ons gedra.

Daar is in jou lewe heel moontlik meer as een rooiletterdag wat nooit uit die herinnering sal vervaag nie. Die besef dat daar sulke datums is en ook sal wees, hoef ons, as gelowiges, nie te ontstel nie. Hy, wat gedurende sy aardse lewe self ook besondere en aangrypende tye moes deurmaak, troos sy mense met dié versekering: "Onthou, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matt 28:20).

Al die dae, ook op die rooiletterdae.

Sing: Psalm 38:8,17 Dr. I.L. Bekker (Die Moot)